**3 April** **Skrifgedeelte: Johannes 11:17-32**
**Fokusgedeelte: Johannes 11:25, 26**

## Jesus is die opstanding en die lewe

Ons is sterwelinge. Die Here Jesus sê egter uitdruklik dat die dood en die graf nie die laaste sê het in die lewe van ’n gelowige nie. Al sterf die liggaam en gaan dit tot niet, lewe die siel voort by Christus (Luk 23:43; Hand 7:59; Fil 1:23). Met die wederkoms van die Here aan die einde van die eeue word dieselfde liggaam in ’n nuwe, verheerlikte en onverganklike toestand opgewek (1 Kor 15:35-58; 1 Tess 4:13-18).

Die Here Jesus leer sy dissipels dat sy opstanding uit die dood die deur na ’n ewige lewe oopmaak vir almal wat glo. Ook jy is op pad na ’n heerlike eindbestemming by Christus as jy waarlik glo, soos wat ons in 1 Korintiërs 2:9 verseker word: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van die mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet.”

*Sing: Skrifberyming18-6:1, 3, 5* *Ds. APC Duvenage (Emeritus)*